

N.G. Gemeente Vaalpark

**Gebedsbulletin no 49**

**7 Desember 2025**

**Ek Is wat Ek Is…**

**EK IS ook joú Skepper**

**Dit is die volk wat Ek vir My geskep het, en wat my lof sal verkondig (Jes 43:21).**

**My kosbare kind, voordat jy in jou moederskoot was, het Ek jou al geken, ja, voordat Ek die wêreld geskep het, het Ek jou al in my gedagtes gehad, jou al liefgehad. Ek ken jou sit en jou opstaan, en voordat jy praat weet Ek of dit tot my lof en eer sal wees. Ek het jou gevorm, jou aanmekaar geweef in die skoot van jou moeder. Ja, Ek was toe reeds by jou betrokke en voor jou geboorte het Ek jou reeds soos 'n kunstige lappieskombers aanmekaar gesit waar niemand hierdie geheimenis kon sien nie. Ek het jou lewensdae al getel en my gedagtes aangaande jou is so talryk soos die sand van die see.**
**Weet jy dat Ek net goeie dinge vir jou beplan, dat Ek net vir jou voors[poed en seen wil gee, dat Ek vir jou 'n besondere toekoms beplan, ja, 'n verwagting, want jy is Myne. Toe Ek jou gemaak het, het Ek my Naam oor jou uitgeroep.**
**Jy is vir My kosbaar en Ek waak oor jou met jaloersheid. Ek sal nie toelaat dat iemand my oogappel baskadig nie, want Ek het jou lief en Ek beveel my engele om oor jou te waak waar jy ook al gaan. Ek vra net jou hart end at jy My met onverdeelde trou sal liefhê.**
**EK IS nie net Elohim, die Skepper van hemel en aarde nie, nee, EK IS ook Jehova Elohim, jou liefdevolle Vader wat jou vir Myself begeer.**
**Ek weet jy voel of Ek jou soms vergeet en verlaat het, maar weet dat jou naam in my hande ingegraveer is, onuitwisbaar, en jou gesig is altyd voor My. EK IS jou Skepper, jou Maker, aan my liefde is daar geen einde nie.**
**As jy deur die woestyn trek, is daar geen einde aan my liefde nie. Gaan jy deur diep waters van beproewing, is Ek steeds daar. Op Glogota staan die grootste teken van my liefde wat geen einde het nie. Die oop graf is die bewys van my oorwinning. Die graf is leeg, want Hy het opgestaan en nou kan jy saam met Hom oorwin wat ook al jou omstandighede mag wees.**
**Ek het jou geskape met jou eie vermoëns, keuses en jou eie begeertes. Jy het 'n verantwoordelikheid van keuse en sal tussen lewe en dood moet kies. Kies jy die lewe, sal jy die volmaaktheid van jou skeppingsdoel bereik en blaas Ek die asem van die Ewige Lewe in jou, want EK IS jou Elohim. Ek het jou na my beeld geskape met die vryheid om te kies of jy op my liefde wil reageer of nie.**

**Dankie!**

Dat ons God deur Sy  Naam kan leer ken!

**Gemeente en algemene voorbidding:**

- Vir ons predikante en hulle gesinne. Vir al die werksaamhede van ons gemeente.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale
- geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied. Sý plan vir SA. Dat Sý Koninkryk en geregtigheid eerste gesoek sal word.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Vir veiligheid van almal wat met vakansie gaan en op die paaie gaan wees.

**Gebedsversoeke**

- Lottie Conradie
- Annie Brink
- Johnny Viviers
- Leonie Kruger
- Jillian Jansen
- Oom Piet Pretorius
- Marcel Holtzhausen

Frelma Prinsloo
Tannie Nelie van Tonder
Juanita Rossouw
Janine Vorster
Spokie Vorster
Adrie Carstens

**Gedagte vir die week**

Die Seun is die beeld van God…
Die Seun is die Eerste verhewe bo die hele skepping.
God het deur Hom alles geskep wat in die hemel en op aarde is:
Alles wat gesien kan word en alles wat nie gesien kan word nie..
Alles is deur Hom en vir Hom geskep.
Kol 1:15-16

**Gebedsversoeke aan:**

Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org